

## DIE OPVOLG VAN JANNIE SE LEIERSKAP-UITREIK

Goeiemôre vriend/vriendin in Christus

Amper 10 jaar gelede het Carel le Roux, op daardie stadium ons sendeling in Madagaskar, vir Jannie gevra om die leierskopleiding van hulle spankonferensie Madagaskar te hanteer. Na gebed en oorweging het ons saam besluit om die uitnodiging te aanvaar, en hy het dit so aan die kerkraad gemotiveer:

1. Ek beleef my roeping om mense te inspireer binne die konteks van leierskapsontwikkeling
2. Hiermee beweeg ek binne die beleid van ons gemeente om volgens gawes en passie, sowel as in lyn met ons roeping ook missionêr op te tree

Intussen het Carel en sy vrou, Annetjie baie nou begin saamwerk met pastoor Jonoro, 'n Malgassiese pastor wat dieselfde visie as hulle gehad het: om lidmate toe te rus om self na die onbereiktes te gaan. Hy is tans besig met 'n opleidingsprogram, en Carel en Annetjie het Jannie nou weer gevra om te gaan leierskopleiding gee, juis met die oog daarop dat daar dalk opnames ook gemaak word sodat Jonoro en ander leiers self in die toekoms hierdie toegespitste opleiding vir hul eie mense kan gee.

*(Nou moet ek eers bieg, ek skryf hierdie epos sonder Jannie se medewete – hy sê aan die een kant die Here sal voorsien, maar aan die ander kant is hy eendersyds 'n vrot bemarker as dit oor eie belang gaan, en aan die ander kant het hy hierdie ongelooflike lojaliteit teenoor sy kerk wat maak dat hy so bang is hy ontnem veral die nuwe kerkgebou van geld wat soontoe gekanaliseer kon word.*

*Nou verder met die amptelike epos):*

Soos in 2008, toe ek en Jannie **self moes soek na borge** om ons vlugkaartjies en plaaslike vervoer mee te dek, *is daar **weer geen fondse beskikbaar*** van Madagaskar-kant af nie.

Verder is ons Gemeente tans besig om 'n Lofsentrum te bou, en wil ons glad nie fondse wat daarvoor sou gaan, laat kanaliseer na hierdie geleentheid nie.

In die derde plek is daar darem 'n voordeel ook – te midde van die teleurstelling dat ek die slag nie kan saamgaan nie weens werksverpligtinge, is dit dus **net die vervoer- en vlugkoste van een persoon** wat benodig word

Soos in 2008 **vertrou ons dat die Here** op die regte tyd met die regte persone sal werk sodat hierdie vlugkoste op Sy tyd gedek sal word.

**Indien jy voel dat die Gees jou hiermee aanraak, kan jy jou bydrae inbetaal in die rekening wat heel onder gegee word.**

**Indien jy nie kan bydra nie, wil ons steeds vra dat jy asseblief sal bid vir 3 goed:**

- **dat daar genoegsame fondse sal wees (die Here weet wat nodig is, in 2008 het ons die presiëse bedrag gekry!)**
- **dat die reis veilig sal wees – binnelands gaan hulle 'n 12-uur lange tog aanpak met 'n oorvol taxi-bussie na die eindbestemming**
- **dat die aanbieding en ontvangs van die boodskap en materiaal uitermate geseënd sal wees**

Sien hieronder enkele foto's, en ook twee eposse met 'n bietjie meer agtergrond-inligting.



In Oktober 2008 het ek die volgende briefie geskryf aan al my korrespondente en familie:

Ons vertrek vannag op ons tog Madagaskar toe, sal weer Dinsdag 4 November tuis wees. Hou asb jul e-posse eers so 'n bietjie terug, want waar ons gaan, gaan daar nie ontvangs wees nie en dan raak die mailbox net oorvol. Maar onthou asseblief om te bid!

Die eerste week is ons by ons sendelingvriende, Carel en Annetjie in die hoofstad (Antananarive) om bietjie by hulle te kuier en hulle te ondersteun en bedien, en die tweede week is dit die konferensie by Ampefy by 'n binnelandse meer ongeveer in die middel van Madagaskar. Daar doen Jannie die leierskapskonferensie vir al AIM se sendelinge in Madagaskar, en direk daarna fasiliteer hy hulle met hul visie vir die toekoms. Ek is, soos in SA, sy sidekick ...

Op 9 November 2008 skryf Carel en Annetjie die volgende aan ons Gemeente:

Liewe Gemeente

Ons kyk met groot dankbaarheid terug oor die afgelope paar weke. Nadat ons so 'n geseënde tyd daar in SA, en spesifiek in Gordonsbaai deurgebring het, het ons teruggekeer na Antananarivo en binne 'n week het die Here vir ons 'n heerlike huis voorsien. Net voor Jannie en Wilma se koms kon ons intrek en die gaste kamer vir hulle regkry.

Hulle besoek was vir ons tot groot seën. Van die oomblik wat hulle hier aangekom het het hulle ons bemoedig en kon ons so lekker in Afrikaans kuier. Hulle was die wonderlikste gaste en wou nooit moeite gee nie. Selfs die "bucket shower" was vir hulle lekker. Hulle het gou aangepas en gewoon geraak aan die mense, straatjies en stegies.

Tussen al die lekker gekuier het Jannie en Wilma vir ons raad gegee en gehelp om ons situasie te verstaan en te hanteer.

Die konferensie was 'n reuse sukses. Jannie het homself oortref en uitmuntend van sy taak gekwyt. Wilma het agter die skerms 'n reuse taak verrig. Hulle was die regte mense op die regte tyd op die regte plek, en God het gewerk. Die spanlede kon net met lof praat van wat die lesings vir hulle beteken het. Hier is 'n paar van die opmerkings wat ons gehoor het:

- Dit was die beste konferensie ooit.
- Hulle het nie net baie goeie lering oor leierskap gekry nie, maar ook geestelike en pastorale hulp gekry.
- Hulle het met vrymoedigheid met almal gemeng en is deur almal aanvaar en almal het hulle humorsin en grappies geniet. (onthou ons kom van 9 verskillende lande)
- Deur Jannie se lesings het daar ook heling in die span gekom en mense het openlik daarvan getuig.
- Een van ons Koreaanse lede het vir die eerste keer oor sy probleme en situasie gepraat. (sy vrou het gesê dit was die eerste keer wat dit gebeur het.)

So ons bring dank en lof aan die Here en aan die gemeente wat dit moontlik gemaak het, en vir Jannie en Wilma wat gewillig was om te kom toe die Here dit vir hulle duidelik gemaak het dat hulle moet kom.

Ons wil ook weereens vir elkeen wat vir ons en die werk in Madagaskar bid en ook finansiële ondersteuning baie dankie sê. Julle is 'n onmisbare skakel in die plan van God vir Madagaskar.

Baie liefde.

Carel en Annetjie le Roux

Dankie dat jy die moeite gedoen het om tot hier te lees, en dit nie maar net as nog 'n bedelbrief gesien het nie, want dis my eerste en hopelik die laaste ook!

**Bankbesonderhede:**

**Rek.naam: WK Enterprises**

**FNB tjek rek 53801049157**

**Tak 200 912**

**Verwysing MADA + jou van**

**LW Stuur asb 'n epos sodat ons kan bevestig dat ons die betaling ontvangs het en darem ook kan dankie sê.**

Volgende keer hoop ons om deel van die skenkers te wees en nie die bakhand-staners nie. Jannie is besig om 'n webblad en blog op die been te kry waarmee hy sy breër bediening kan uitleef – gaan kyk gerus by [www.jannieleroux.co.za](http://www.jannieleroux.co.za) asook op sy blog <http://jannieleroux.co.za/blog-2/>.

Groete

Wilma

*Wilma le Roux*

Tel 021-852 3549 (h)

021-808 3624 (w)

Cell 072 496 3021

Fax 086 510 8593 (h)

[lerouxwilma@isales.co.za](mailto:lerouxwilma@isales.co.za)

[wler@sun.ac.za](mailto:wler@sun.ac.za)



Life to the fullest